
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

Nadat julle alles volbring het. STAAN DAN VAS! (Ef. 6:13)

Pst D.A. GERICKE

Timotheus het in Listre die stad in sentraal Lakaonië gebly en was 'n metgesel van Paulus. Hy was 'n derde geslag Christen. Sy moeder Eunice en sy ouma Lois was albei gelowiges (2 Tim 1:5). Hy het die Heilige Skrifte van sy kinderdae af geken. Paules het Timotheus gekies om hom op sy twede sendingreis te vergesel en Timotheus het 'n baie belangrike lid van sy sendinggroep geword.

Paulus het Een en Twee Timotheus as 'n aanmoedeging en ondersteuning aan Timotheus geskryf. Ons lees hoe hy Timtheus aangemoedig het in die bediening ten opsigte van vals lering wat in die kerk van Efese sigbaar begin word het, Paulus moedig Timotheus aan om vas te staan en **"om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie" (1 Tim. 1:3).** Aan Timotheus is ook die taak gegee om bekwame ouderlinge en diakens aan te stel om opsieners oor die Kerk te wees (1 Tim 3:1). Hierdie mans moes Timotheus help om die Gelowiges in Efese te lei en te beskerm.

Timotheus was bemoedig, te midde van al hierdie goddelose kulture, om uit te staan as 'n voorbeeld aan al die gelowiges (1 Tim 4:12). Om hulle die Skrif te leer, die Woord van God vreesloos bekend te maak, te beskerm wat deur Paulus aan hom toevertrou was (1 Tim 6:20).

Paulus, wat onder huis arres was, het die twede brief aan Timotheus gestuur, waarin hy hom bemoedig het om "die genadegawe van God aan te wakker" wat aan hom bevestig is deur die oplegging van Paulus se hande (2 Tim 1:6). Ly **"saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God"** en om **"nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is" (2 Tim 1:8-9). "En wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer" (2 Tim 2:2). Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny" (2 Tim 2:15).** Verkondig die Woord onder alle omstandighede, want die tyd het aangebreek waar mense nie na hom of suiwer lering sal luister nie.

Dit bring my by die punt waar ek julle wil bemoedig: **"Want God het ons nie 'n gees van**

vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim 1:7). Timotheus het 'n bietjie geintimideerd en huiwerig begin voel om aan te hou as 'n leraar van Christus. Dit is hoe jy dalk nou voel met al hierdie kulturele verwydering, sterk wakkermaak houding, geslags verwarring, aborsie en om om dinge wat goed is boos te noem en wat boos is goed te noem ... hoe vinnig het ons nie hierby uitgekom nie!

Dit is niks nuuts nie! God is nie onverhoeds gevang nie, dit het al vir jare aangehou, dit is net meer ontbloot as gevolg van die sosiale media! Timotheus moes 'n groep Gelowiges in die Messias lei, deur baie struikelblokke op die pad soos baie sterk heidense dinge van daardie tyd, asook leraars van die wet wat probeer het om hierdie jong kerk onder slawerny te bring: **"Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af" (2 Tim 3:1-5).** Hierdie dinge het nooit opgehou om te bestaan nie, hulle was nog al die tyd hier, maar ... hoe deel ons hiermee! In Paulus se woorde aan Timotheus: "Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing". Vrees is die teenoorgestelde van geloof, daar is geen groei in vrees nie, die Hebreuse woord vir geloof is "emunah" wat basies getrouheid/ lojaliteit beteken en 'n aksie woord is. As ek vir my vrou sê dat ek haar lief het, al kan ek dit 20 keer 'n dag sê, kan sy steeds aan my liefde twyfel, maar as ek dit opvolg met omhelsings, soene, blomme, skottelgoed te was (ja ek was die skottelgoed) saam met die woorde " ek is lief vir jou", sal sy nie net die woorde hoor nie maar hulle in aksie sien. Dieselfde is van toepassing op ons Christelike lewe. Vrees sal ons beroof en stop om fisies te wandel, te vertrou en God se Woord en standaarde in ons lewens toe te pas omdat ... ons bang is vir weerwraak of om sekere mense aanstoot te gee! Hierdie groepsdruk of vrees vir mense sal 'n geweldige invloed op ons lewenswandel en gesprekke asook op ons gesondheid hê! Paulus het hierdie woorde met die Gelowiges in Korinthe gedeel en hulle is vandag nog steeds waar: "**Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk.**
Laat alles by julle in liefde geskied"

(1 Kor. 16:13-14). Ons moet "Waak, sterk staan" is 'n gunsteling term wat Paulus gebruik het om die Kerk te bemoedig om te groei: **"Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly" (Ef. 6:13).**
Paulus gaan aan om die jong Timotheus te bemoedig ... God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag! Die krag om al die struikelblokke te oorwin en elke gevaar in die gesig te staar. Dit is nou verbind met die betekenis van moed en dapperheid. 'n Skrif wat ek dink onderskat is, word gevind in **Rom. 8:11: "En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon".** As ons net hierdie Skrif in sy volheid glo! "En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon". Dink aan die implikasies van hierdie waarheid. Jesus wat gemoker, geklap, geskop, 39 keer met 'n sweep met nege stange geslaan, 'n kroon van dorings op Sy hoof ingedruk, vir 6 ure aan 'n kruis vasgespyker was en gesterf het. Om seker te maak dat Hy dood was, is 'n spies in Sy sy gesteek, in Sy hart en as dit moontlik was kon sê, dat Hy doder as dood was!! Hierdie verminkte verwronge mens is OPGEWEK en LEWENDIG op die derde dag! Halleluja!!! Wat 'n wonderwerk! Kerk, dieselfde Gees wat Jesus uit die dood iogewek het leef NOU in julle!! Ons het nou die krag in ons om te oorwin.

"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van KRAG en LIEFDE en SELFBEHEERSING."
'n Gees van liefde is nie net 'n tydelike emosionele liefde nie, omdat ek 'n goeie tipe van liefde voel nie. Dit is 'n liefde wat in jou geskep word deur God se Heilige Gees. Dit is 'n lang voortgaande liefde, gegrond in God en Sy Woord. **"En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is" (Rom.5:5).** Wanneer ons dan in God se liefde wandel, skep dit God se vrede in ons gemoed en harte! Wat is hierdie liefde wat Hy in ons harte geplaas het? **"Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die**

liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer..."(1Kor.13:4-8). Die onregverdighede, wat ons dink dat dit onregverdig is, sal ons gemoed en denke verontrus, ons beroof van God se vrede en blydskap en veroorsaak vrees en chaos. God se Woord het ons gewaarsku dat hierdie dinge sal gebeur, sodat ons voorbereid kan wees en ons harte onwankelbaar kan wees wanneer hierdie dinge gebeur. Ons moet die persoon lief hê, maar ons kan die sonde haat!

"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing".

Dit beteken nie dat jy elke oggend om vier uur moet opstaan om vir twee ure te bid nie en dan jou Bybel vir vier ure te lees nie. Daar is niks hiermee verkeerd, as jy dit kan doen nie, maar hier beteken dit om wêreldse verstrikking te laat staan, wat as dorings die Woord (Luk. 8:14) versmoor. Ons kan nie met die een voet in die wêreld en die ander in Christenskap wandel nie. **" 'n Dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë" (Jak.1:8).** God se Woord moet elke dag die maatstaf van ons lewens en wandel word! Daniel het nie in Babilon sy geloof, sy God of sy identiteit weggesteek nie. Hy het wel deur baie moeilike tye gegaan, maar God was met hom elke tree van die pad. Ek het eenkeer die volgende gelees: " Christene behoort nie deur hulle emosies beheer te word nie. Ons moet gedissiplineerd wees". Ons word aangemoedig om **"Ons denke te vernuwe" (Rom 12:2).** Ons moet positief dink (Fil. 4:8). Ek glo dat ons in die tyd van skudding is. **"Want so sê die Here van die leërskare: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe" (Hag. 2:6).** Hierdie dae is opwindend en terselfdertyd skrikwekkend. Is ons gereed en voorbereid, met ons oë opwaarts gerig of voel ons geintimideerd, bang, verward en stom? Moenie ongeduldig raak met ander nie. Onthou hoe God met jou gedeel het – met geduld en met teerheid. Moet egter nooit die waarheid van God afwater nie. Laat dit sy gang gaan en moet nooit daarvoor om verskoning vra nie, Jesus het gesê: **"Gaan ... en maak dissipels... ..."(Matt 28:19)** nie "Maak, bekeerlinge volgens jou eie gedagtes en menings" nie.

Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is 'n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129

Skatkis

Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind (Pred.3:11).

Ons staan op die drumpel van ‘n nuwe jaar. Dit is altyd ons beste hoop dat ‘n goeie en wonderlike tyd vir ons voorlê, maar ons hoop moet nie hierin lê nie omdat ons nie weet wat om die draai vir ons wag nie. Wanneer ons egter ons hoop in Jesus, die rots van ons verlossing, plaas, sal ons deur sonskyn en storms vas kan staan. As Hy ons vrede, blydskap en lewe is sal al die ander dinge van minder belang wees. Hy sal alles mooi maak op Sy tyd. Mag Hy ons die begrip van die ewigheid skenk, wat alles in perspektief plaas. Dit sal ons bevry van alles wat ons gebonde hou in bekommernis en vrees.

Ons weet nie wat die toekoms inhou nie, maar ons ken die Een wat die toekoms vashou.

THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE

(Click to view)

‘n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis ‘n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?
Die Vrou na God se Hart
Stap vir Stap

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Wees die lig van die wêreld.
“Julle is die lig van die wêreld” (Matt. 5:14).

Wees die Lig.

Toe Jesus Sy dissipels gekies het, was hulle gewone mense – ‘n paar vissermanne, ‘n tollenaar, ‘n Yweraar. Nogtans het Hy na hulle gekyk en gesê: “Julle is die lig van die wêreld”. Hulle het waarskynlik gedink: “Van wie praaat Hy? Daar is niks besonders aan ons nie”. Tog is iets onder in hulle gees aangesteek, iets het ontwaak. Hulle saad van grootheid het begin wortel skiet. Hulle het gevoel dat geloof in hulle begin groei het en hul bestemming hulle geroep het. In plaas daarvan om hulleself daarvan te onttrek, het hulle ooreengekom. “Ja, ons is die lig van die wêreld. Ons gaan op ons generasie ‘n impak maak”. Jesus het die seën oor hulle uitgespreek. Hy het guns en gesag vir hulle verklaar, en omdat hulle saamgestem het, het hulle die lig van die wêreld geword en dit verander. Tweeduisend jaar later het hulle steeds ‘n impak op ons.
Moenie aan al die redes dink waarom jy nie die lig van die wêreld kan wees nie. Die seën is ‘n bo-natuurlike bekragtiging, ‘n goddelike guns wat sal veroorsaak dat jy op ander ‘n impak sal hê. Ontvang Jesus se woord, laat dit in jou gees wortelskiet, en dit sal jou saad van grootheid aansteek.
Laat ons saamstem:
“Dankie Vader, vir die krag van die uitgespreekte seën wat U op my lewe geplaas het, omdat ek aan U behoort. Dankie dat U my ‘n lig aan die wêreld gemaak het, vir die wat ek elke dag ken en sien. Ek glo dat as ek sal aanhou om U te eer, U ‘n impak deur my op lewens sal maak. In Jesus se Naam, Amen.”

Nogmaals baie dankie aan almal wat saam met ons vir die behoeftes van kosbare mense bid. Die gebede van God se regverdiges het groot krag; en baie dankie ook vir julle waardevolle ondersteuning vir die werk van die Here wat vanaf die Sentrum voortgaan. Mag die Here elkeen van julle ryklik seën, en julle gedurende die kerstyd en nuwe jaar beskerm. Laat ons doelgerig en met blymoedigheid die nuwe jaar ingaan, terwyl ons meer en meer bewus word van Sy groot liefde vir ons.

Baie liefde groete

Meg Van Zyl en die Gebedspan



I AM THE LIGHT OF THE WORLD

By Pastor David Gericke

Light: in Hebrew ‘Or’

We are in the season of celebration, it is a time when we give and are given gifts and families come together and we get to spend time with those we have not seen for a long time. We decorate our homes and have different kinds of lights everywhere! We send out cards with beautiful sayings and messages on them and our lives surprisingly become very busy. Slowly life becomes more about work than Joy and slowly we are thinking more about what has to be done than about why we are celebrating!

Where we live, on or around the 18th November until the 31st of Jan, we have what is called the “Night of Lights”. Downtown every shop, restaurant, house and street is covered in lights, it is awe inspiring!! Truly beautiful in every sense of the word. The city becomes a magnet to everyone as we are all attracted to this display of lights!!

This reminds me of a story that happened in between the Old and New Testaments of the Bible. There is an old Jewish saying that you use if you ask a Rabbi a question and you don’t want a three hour explanation!! You say “Rabbi standing on one foot can you explain …” our English equivalent would be “In a nutshell”. So, standing on one foot I’m going to share this story with you.

In and around November/ December 165Bc a Seleucid king Antiochus Epiphanes ruled over the region of Assyria including Israel. He was wicked and put tremendous pressure on the Jewish people to worship the Greek gods (idols). The more they resisted the greater the pressure became that was placed on them. He eventually sacrificed a pig on the Altar in the temple and poured the blood on the Scripture Scrolls. He also placed idols in the Holy of Holies. This act defiled the temple and the Altar. He sent out his soldiers throughout Israel to force the people to worship these Greek gods. If they didn’t they would be put to death!

A priestly family, known as the Maccabees, resisted these soldiers and overpowered them. This started what became known as the “Maccabean Revolt”. A small Jewish army, against all odds, in a five year battle overcame this Greek army, pushing them out of Israel and especially Jerusalem. This was a miracle of God’s deliverance!

The Jewish priest and Levis all helped to clean the Temple and wanted to rededicate it to God! As they were cleaning they only found one jar of oil which was just enough to light the Menorah (a symbol of God’s presence) for one day. It took eight days to make new oil for the Menorah but they were so eager to dedicate the Temple that they lit the Menorah anyway! God performed a great miracle! The flame burned for eight days, in which time the new purified oil was ready to be used! Because of this miraculous provision of oil it is now celebrated as the Feast of Dedication or as we know it Hanukkah. (Festival of Lights)

We read in the Book of John 10: 22 Now it was the Feast of Dedication in Jerusalem, and it was winter. 23 And Jesus walked in the temple, on Solomon's porch. 24 Then the Jews surrounded Him and said to Him, “How long do You keep us in doubt? If You are the Christ, tell us plainly.” By this scripture we see that the Feast of Dedication was being celebrated by the Jewish people and Jesus himself! This story encourages us to be courageous and remain faithful to God even through difficult and very trying times, even in the face of persecution. It reminds us of God’s faithfulness and deliverance in the face of tribulations but also from the oppression of sin and bondage! During this Festival of Lights, a menorah called a Hanukkiah (which is a nine – candle holder) is lit, one candle a night, using the middle candle called the shammash (Servant candle) to light each candle, for eight nights. The Hanukiah is placed in the window for all to see, and it becomes a symbol of remembrance and a symbol of testimony.

John 8: 12 Then Jesus spoke to them again, saying, “I am the light of the world. He who follows Me shall not walk in darkness, but have the light of life.”

This speaks of the light of His truth! Jesus said, “I am the way, the truth, and the life. No one comes to the Father except through Me. “If you had known Me, you would have known My Father also; and from now on you know Him and have seen Him.”(Jhn 14:6) Jesus is the light that illuminates the way to God the Father. When we trust and have been washed by the Blood of the Lamb we will walk in the light and truth that will set us free from the bondages of darkness! His light will dispel the works of darkness that would try to impact our lives and hinder our growth in the Lord. If Christ is the light, then we need to follow Him, to submit ourselves to His guidance, and in everything follow His example! It is not enough for us to just look at this Light, we must follow it, believe in it, and walk in it.. for it is a light to our feet, and not just to our eyes.

Ps 119: 105 Your Word is a lamp to my feet And a light to my path. Not only does the Word of God highlight His will to us, but, as a light, it shows us how to follow the light and avoid the wrong paths. We thank the Lord for this light shining in a dark place, that is guiding us until the Son of Righteousness comes, and we shall see Him. 2 Pet 1:19 Because of that experience, we have even greater confidence in the message proclaimed by the prophets. You must pay close attention to what they wrote, for their words are like a lamp shining in a dark place—until the Day dawns, and Christ the Morning Star shines in your hearts.

Matt 5:14 “You are the light of the world—like a city on a hilltop that cannot be hidden. 15 No one lights a lamp and then puts it under a basket. Instead, a lamp is placed on a stand, where it gives light to everyone in the house. 16 In the same way, let your good deeds shine out for all to see, so that everyone will praise your heavenly Father.

This is an awesome description of the Believer given by Jesus- “You are the light of the world”. This tells us that Christ lives in our hearts. God’s Word is alive within us and we are filled with the Holy Spirit because He is the anointing oil that keeps the lamp burning!! Therefore we reflect God’s saving grace as we have been washed by the Blood. We have God’s written word leading and guiding us, and we have God’s Holy Spirit working in and through us as we show the fruit of the Holy Spirit in our lives… This brings Glory to God the Father!

As with the miracle of the jar of oil that burnt for eight days, so it is with the miracle God does in our lives in the New Birth. God takes what has been defiled and broken, washes it clean by the Blood of His Own Son, restores the brokenness and reconciles us back to fellowship with Him. He then gives us the Holy Spirit to guide us into all truth! What was in darkness now is light, what was lost is now found, what was broken is now restored. Hallelujah our God is faithful! His Word is truth, therefore we can trust it, walk in it and build our lives upon it.

Jesus said of Himself John 8:12 “I am the light of the world” then in Matt 5:14 He says “You are the light of the world”. I think we need to reflect His light in and through us. As the Hanukkiah is placed in the window for all to see, and it becomes a symbol of remembrance and a symbol of testimony, so too should our lives!!

